NB ! ! NB ! !

1. **Hierdie naweek se kamp handel oor Vaderskap** – wat dit alles behels. Maar is nie net bedoel vir Pa's met jong kinders nie. Ons wil graag ouer manne hierdeur toerus om jonger Pa's te kan begelei en te bemoedig. Saam werk ons vir gesonde stabiele gesinne soos God dit bedoel het.
2. Hierdie naweek hanteer ons die "Vaderskapgespreks boekie".

3. Indien jy geroep voel (en ander manne ken met dieselfde oortuiging) om ander manne te bedien en op te lei om hierdie inhoud weer met ander mans te deel – is daar die besondere opleidingskamp nl. Meester Mentor kamp.

   Meester Mentor kursus is dus gemik om **persone te begin oplei** wat weer **ander mans gaan oplei** om die onderskeie kursusse van The World needs a Father aan te bied.

MAKARIOS MANNEKAMP ~ 15 tot 17 MEI 2020

TEMA: VADERSKAP – ONS ROEPING!!

Pa, jy is absoluut waardevol vir jou gesin!!

Jy speel 'n bepalende rol in jou kinders se identiteitsvorming, emosionele sekuriteit, gesagstrukture en die ontsluiting van hul potensiaal.
Word vaardiger en bekom meer wysheid om ons seuns, kleinseuns en ander jonger manne se lewens sinvol op te bou. Maak 'n verskil in ons huidige samelewing en in toekomstige geslagte!
Kom ons verryk mekaar, bemoedig mekaar en vier fees oor ons opdrag en voorreg van Vaderskap!



Volg N4 vanaf Nelspruit tot by Hectorspruit :

Opsie A	Opsie B
Ongeveer 10 km na Hectorspruit, draai links op die Marloth Park pad. Ry 5 km **grondpad** tot by die ingangshek van Marloth Park. Sodra u deur die hek gaan, draai dadelik links in Figtree laan. Grondpad meer geskik vir bakkies.	Ongeveer 14 km na Hectorspruit, draai links op Tenbosch teerpad. Ry reguit tot deur ingangshek(2) van Marloth, hou op **teerpad** tot by ingangshek (1). Net voor die hek, draai regs in Figtree.

Ry totdat u die eerste indraai na links vind – dit is 'n motorhek – u ry tussen twee lande deur. Na die lande is daar 'n bosgedeelte, gaan deur 'n drif en vind dan Makarios se ysterhekke. Ry tot by die rivier, draai links en ry tot waar die pad eindig. Vanaf Marlothpark se ingang tot by Makarios is 2 km. Kyk uit vir die Makarios borde by al die afdraaiplekke.

ALGEMENE INLIGTING

1. **Sprekers :**
   Gerhard van Eck (TWNAF), Willem Nortjé
2. **Tema : Vaderskap – Ons Roeping!**

   WARE VADERSKAP:

- **Vestig morele outoriteit**

  Jou plek in God se plan – lewensroeping/passie. Gesag v.d Bybel in my lewe. Geesvervuld wees. 'n Skoon gewete. Verset teen immorele gedrag. Duidelikheid oor my oortuigings.

- **Vestig ware identiteit**
  Identiteitsverwarring agv ouers, groepsdruk, samelewing. Godgegewe identiteit. Waardesisteme. Keuses. Vriende. My gesin se lewensdoelwitte.
- **Bied sekuriteit**
  Liefdevolle lewensruimte. Emosionele stabiliteit. Selfwaarde. Selfbestuur. Verhoudings. Kommunikasie. Fisiese veiligheid.
- **Bevestig potensiaal**
  Elke fase van kindwees vra unieke insette. Bewusmaking van gawes. Erkenning gee – nie net teregwys en kritiek nie. Elkeen uniek (persoonlikheidstipe). Bevestig geslagsidentiteit. Benut deurgangs tye
  bv. skool toe gaan, graad 8, 12, mondigwording, jonkmanspartytjie ens.

3. **Benodighede :**
   Kampklere (baie informeel), flits, stapskoene, kussing en eie beddegoed, Bybel, pen en papier, toiletware, handdoek, swemklere, muskiet afweermiddels, sambreel/reënjas. (Verkyker, voëlboeke, boomboeke – opsioneel).

4. **Finansies :**
   Naweekkoste beloop **R650.00**. Die volle bedrag is betaalbaar by bespreking. Geen bespreking sal aanvaar word alvorens u nie ten minste 'n **R 200.00** besprekingsdeposito betaal het nie. U kan nie u bespreking op die nippertjie kanselleer nie – u moet iemand anders in u plek stuur anders verbeur u die kampfooi. Dankie vir u samewerking.
   1. Doen **direkte inbetalings** aan: **Makarios Bedieninge Ministries, ABSA** bank, **Komatipoort**, takkode **335152**, tjek rekening no. **40 7586 2237**. **Vul asseblief u naam en van by "Verwysing" in. Dit is ook noodsaaklik dat inbetaal strokies deurge-epos word aan ngkomati@mweb.co.za / wjnortje@telkomsa.net of gefaks word na 086 459 1145 / (013) 793 7437**.
   2. Bring gerus ekstra geld saam. Daar is goeie boeke te koop, asook koeldrank en lekkers.

5. **Program :**
   Registrasie begin ~ Vrydag om 18:00 Program begin om 19:00
   Vertrek ~ Sondag om 13:00
6. **Vervoer :**
   U gebruik eie vervoer. Ons stel voor dat persone uit dieselfde omgewing of gemeente saamry.

7. **Navrae :**
   Ria Pohl : Tel. : (013) 793 7044 Faks: 086 459 1145 (Di – Vr 08h00 tot 13h00)
   Willem & René Nortjé: 082 850 8807 : tel./faks : (013) 7937437 info@makariosaccommodation.co.za of ngkomati@gmail.com
   Wanneer u die inskrywingsvorm deur faks of e-pos skakel ons asb. en bevestig of ons u inskrywingsvorm/bewys van betaling ontvang het.
8. **Doen asseblief voorbidding vir :**
   Organisasie Sprekers, dienswerkers Elke kampganger

INSKRYWINGSVORM

MAKARIOS MANNEKAMP ~ 15 TOT 17 MEI 2020

Van & Voorletters			
Noemnaam			
Tel. (h)		Tel. (w)	
Selfoon		Faks	
E-pos adres			
Posadres			
		Kode	
Woonadres			
Ouderdom		Beroep	
Volg u 'n spesiale gesondheidsdieet? (bv. vir diabetes)		Ja	Nee
Indien ja, spesifiseer asb.			
Kerkverband & gemeente			
Ingesluit my deposito :			
Ingesluit my EFT, tjek/kontant vir: die (1) balans (2) volle bedrag :			
Datum		Handtekening	

KANTOOR GEBRUIK

Ontvang deur :		Kwitansie no.:	